As enigiemand Jesus Christus in die Bybel verkeerd interpreteer, om nie Godself te wees nie, Hom die tweede Persoon te maak, of een God uit drie, sou dit elke Woord in die hele Bybel ontwrig. Dit sou die eerste gebod verbreek: "Jy mag geen ander god voor My hê nie."

Goed. Dit sou die hele Christenras 'n klomp heidenaanbidders maak wat drie verskillende gode aanbid.

W.M. Branham

Die Bybel leer dat GOD IN CHRISTUS WAS. Die LIGGAAM was Jesus. In Hom het al die volheid van die Godheid gewoon, LIGGAAMLIK. Niks kan duideliker as dit wees nie. Verborgenheid, ja. Maar werklike waarheid--duideliker kan dit nie wees nie. As Hy dus nie toé drie persone was nie, kan Hy nie nou drie wees nie. EEN GOD: En hierdie
selfde God het vlees geword.

W.M. Branham

Nou kom ons hier tot 'n slotsom. Soos die ewige Logos (God) in die Seun gemanifesteer was, en in Jesus die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon het, en die Ewige Een die
Vader was wat in die vlees gemanifesteer was, en daardeur die titel van Seun verkry het, net so word ons, ewig in Sy gedagtes, op ons beurt die veelledige Gesproke Woordsaad, gemanifesteer in die vlees, en daardie ewige gedagtes wat nou in die vlees gemanifesteer is, is die seuns van God, soos ons ook genoem word. ONS HET NIE DEUR DIE WEDERGEBOORTE SAAD GEWORD NIE; ONS WAS SAAD EN DAAROM IS ONS WEDERGEBORE, WANT SLEGS DIE UITVERKORENES KAN WEDERGEBORE WORD. Die feit dat ons SAAD WAS is die rede waarom ons lewend gemaak kon word. In NIE-SAAD is daar niks wat opgewek kan word nie.

W.M. Branham

karoomissions@gmail.com
P.O. Box 133, Laingsburg, 6900
083 270 9751

Die Here Jesus Christus
Die Hoof Tema van die Bybel



Daar's nie 'n kunstenaar in die wêreld wat Sy beeld kan skilder nie, die karakter van Sy gesig. Die beste wat ek ooit gesien het is die van Hofman se Hoof van Christus op Drie-en-dertig, ek het dit oral op literatuur en alles wat ek gebruik. Dis omdat dit net so daarna lyk, en so dan . . . of baie naby, so na as wat dit kon wees.

W.M. Branham

Die Ou Testament

In **Genesis** – Hy is die saad van die vrou.
In **Eksodus** – Die Paaslam
In **Levitikus** – Ons Hoë Priester
In **Numeri** – Die Wolk en Vuurkolom
In **Deut**. – 'n Profeet soos Moses
In **Josua** – Leidsman van ons Verlossing
In **Rigters** – Ons Regter en Wetgewer
In **Rut** – Ons Bloedverwante Losser
In **1 & 2 Samuel** –Ons Getroue Profeet
In **1 & 2 Konings** – Die Here Ons Koning
In **1 & 2 Kron.** – Ons Regeredende Koning
In **Esra** – Ons Getroue Eggenoot
In **Neh**. – Bouer van Gebreekte Mure
In **Ester** – Ons Mordegai
In **Job** – Ons Verlosser
In **Psalms** – Die Here Ons Herder
In **Spreuke** – Ons Wysheid
In **Prediker** – Ons Minnaar
In **Hooglied** – Ons Beminde Skone
In **Jesaja** – Vredevors
In **Jeremia** - Balsem in Gílead
In **Klaagliedere** – Weenende Profeet
In **Eseg**. – Wonderlike Vier-Gesig Man
In **Daniel** – Vierde Man in die Vuuroond
In **Hosea** – Die Getroue Eggenoot
In **Joël** – Heilige Gees Doper
In **Amos** – Die Lasdraer
In **Obadja** – Magtige Redder
In **Jona** – Ons Buitelandse Sendeling
In **Miga**- Die Boodskapper
In **Nahum** – Vergelder van God se Uitverkorenes
In **Habakuk** – God se Evangelis
In **Sefanja** – Ons Redder
In **Hag**.- Hersteller van God se Verlore Erfenis
In **Sagaria** – Die Oop Fontein
In **Maleagi** – Die Son van Geregtigheid

Die Nuwe Testament

In **Matteus** – Hy is Die Messias
In **Markus** – Die Wonderwerker
In **Lukas** – Die Seun van die Mens
In **Johannes** – Die Seun van God (Die Woord)
In **Handelinge** –Die Fondasie van die Kerk
In **Romeine** – Ons Regverdigmaker
In **1 & 2 Korintiers** – Ons Heiligmaker
In **Gal.** – Verlosser uit die Vloek van Die Wet
In **Ef.** – Christus met Onpeilbare Rykdom
In **Fil.** – God Wat Al Ons Behoeftes Voorsien
In **Kol.** –Die Volheid van Die Godheid Liggaamlik
In **1 & 2 Thes.** – Ons Binnekort Komende Koning
In **1 & 2 Tim** - Middelaar Tussen God en Die Mense
In **Titus** – Die Getroue Pastoor
In **Fil.** – 'n Vriend Wat Nader is As 'n Broer
In **Hebreërs** - Bloed van Die Verbond
In **Jakobus** – Groot Geneesheer
In **1 & 2 Petrus** – Die Opperherder
In **1-2 & 3 Johannes** - Liefde
In **Judas** – Sy Koms Met Tienduisendtalle Heiliges
In **Openbaring** – Die Koning van die konings en Die Here van die here

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou.."

Johannes 1:14

Ons Here Jesus Christus het na hierdie aarde gekom, sodat ons met Hom kan identifiseer.

Vir

die **kunstenaar**: Is Hy Die Beeld Van God
die **argitek**:- Die Kosbare Hoeksteen
die **baker**: - Die Lewende Brood
die **bankier**: - Die Verborge Skat
die **bioloog**: - Die Lewe
die **bouer**: - Die Vaste Fondament
die **dokter**: - Die Groot Geneesheer
die **opvoeder**: - Die Meester Leraar
die **boer**: - Die Here van Die Oes
die **bloemiste**: - Die Roos van Saron
die **argeoloog**: - Die Rots van Die Eeue
die **regsgeleerde**: - Die Regverdige Regter
die **juwelier**:- Die Kosbaarste Pêrel
die **prokureur**: - Die Volmaakte Advokaat
die **uitgewer**: - Goeie Tyding van Blydskap
die **filosoof**: - Die Wysheid van God
die **prediker**: - Die Woord van God
die **beeldhouer**: - Die Lewende Steen
die **politikus**: - Begeerte van Alle Nasies
die **teoloog**: - Die Begin en Voleinder
die **sondaar**: - Neem Ons Sondes Weg